Jesus Vertel van God se Liefde

Lewensfokus

Jesus is lief vir my en help my.

Wie?

Jesus, skare mense.

Wat?

Jesus het vertel dat God ons liefhet en vir ons sorg selfs meer as wat Hy vir die voëls en die blomme sorg. (Matteus 6:25 -34; Lukas 12:22-31).

Wanneer & Waar?

Gedurende die tweede jaar van Jesus se bediening, waarskynlik by die heuwels naby die See van Galilea.

Hoekom?

Om kinders te help om God te dank vir Sy liefdevolle versorging.

Bybelvers

"Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade." Psalm 89:1

Doelwitte

Gedurende elke gedeelte van hierdie sessie, help elke kind om

1. maniere te IDENTIFISEER waarop God vir die voëls en die blomme sorg;
2. 'n manier te NOEM waarop God vir hom of haar sorg;
3. n Lied te SING om God vir Sy sorg te dank.

Leerwenk

Hoe kan Bybelverhale van 'n boek wat eeue gelede geskryf is in 'n heel verskillende kultuur vir vandag se jong kinders betekenis inhou? Die stories wat vir hierdie kurrikulum gekies is, handel oor basiese menslike behoeftes wat dieselfde is vir alle mense, ongeag hulle ouderdom of kultuuragtergrond.

Bybelleer Aktiwiteitstyd

Onderwysers lei klein groepies kinders. Kies een of meer van hierdie opsies wat die beste by u geriewe en beskikbare voorraad pas. **20-30 minute.**

Bybelstorie Opsie Kunssentrum

KRY BYMEKAAR

Bybel, lengte papier, kleurkryte of khoki's, opsioneel- papier kolwyntjiehouers, gom.



DOEN

Plaas papier op vloer of tafelblad. Nooi kinders om 'n blomtuin op papier te teken. (Opsioneel: Kinders plak koekiehouers op stamme vas om blomme voor te stel.)

PRAAT OOR

- **In vandag se Bybelstorie vertel Jesus oor maniere waarop God vir die blomme sorg.** *Sam***, wat stuur God om te help dat die blomme groei?** (Reën. Son.) **God sorg vir die blomme. Vir wie sorg God ook?** (Ons)
- Verwys na Bybel. **Die Bybel sê, "Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade." Een manier waarop ons vir God dankie kan sê vir Sy liefde is om 'n lied te sing.**
- *Lizelle***, by wie bly jy? God sorg vir jou deur vir jou 'n pa en 'n ma te gee. Kom ons dank Hom.** Bid kortliks.

Bybelvers Opsie Speletjiesentrum

KRY BYMEKAAR

Bybel, rol bruinpapier, khoki, bonesakkie.



VOORBEREIDING

Trek lyne op bruinpapier om dit in ses of agt dele te verdeel. (Maak een papier vir ses tot agt kinders.) Skryf die naam van elke kind in jou klas in 'n aparte gedeelte.

DOEN

Kinders staan verskeie meter van die papier af en maak beurte om 'n bonesakkie op die papier te gooi. Jy of 'n vrywilliger noem die naam wat in die gedeelte staan waarop die bonesakkie land. Herhaal die Bybelvers en vervang die "ek" met daardie kind se naam.

PRAAT OOR

- **Die Bybel sê, "Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade." "Here" is 'n ander naam vir God. God sal ons altyd liefhê. Ons kan Hom dank vir Sy liefde. Ons kan ook sing oor Sy liefde.**
- **Die bonesakkie het geval op die deel met** *Emily' se* **naam daarop. Kom ons sê ons Bybelvers met** *Emily' se* **naam. "***Emily* **sal altyd sing van die Here se liefdesdade."**
- **Eks' bly God sorg vir ons en is lief vir ons. Hy sorg vir ons deur ons te help om plekke te hê waar ons kan bly.** *Mpho***, wie bly in jou huis?** Bid, **Dankie Heer** *vir Mpho* **se huis. Dankie vir sy ma en pa en sy suster**.

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.

Bybel Storietyd

Een onderwyser lei hierdie groot groeptyd. **10-15 minute.**

KRY BYMEKAAR
Bybel, 'n vars of kunsblom.

BYBELVERS
Maak jou Bybel oop by Psalm 89:1. **Die Bybel sê, "Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade."** Herhaal Bybelvers verskeie male met kinders, lei kinders om aksies vir baie van die woorde te maak.

GEBED
Dankie Heer, dat u vir ons lief is. Ons is lief vir U. In Jesus se naam, Amen.

Jesus Vertel van God se Liefde

Matteus 6:25 -34; Lukas 12:22 -31

INLEIDING
Wys die vars- of kunsblom. **Watter kleur blom hou jy die meeste van?** Vrywilligers antwoord. **Luister om te hoor wat Jesus oor die blomme gesê het.**

'n BAIE GROOT SKARE
Eendag was Jesus besig om Sy vriende op 'n heuwel te leer. 'n Baie groot skare mense wou gehoor het wat Jesus gesê het. Die mense het gestamp en gestoot. Hulle het almal probeer om naby Jesus te kom sodat hulle kon hoor wat Hy te sê gehad het.

BELANGRIKE DINGE
Jesus het Sy vriende rondom Hom vergader.
Hy het begin praat. "Moenie oor enigiets bekommerd wees nie," het Jesus gesê. "Moenie bekommerd wees oor wat julle gaan eet wanneer julle honger is nie. En moenie julle bekommer oor wat julle sal aantrek nie. Daar is baie belangriker dinge as kos en klere."

DIE VOËLS
Buite op die heuwel was voëls gedurig besig om deur die blou lug te vlieg en op die grasheuwels te spring. Jesus het seker na hulle gewys. Hy het gesê, "Kyk na hierdie voëls. Hulle kan nie self kos kweek nie Tog voed God hulle en sorg vir hulle."
Jesus het na al daardie bekommerde mense gekyk. Hy het hulle gevra, "Is julle nie meer werd vir God as die voëls in die lug nie? Natuurlik is julle! Moet oor niks bekommerd of belas wees nie. God is lief vir jou. Hy sal vir ons sorg!"

DIE BLOMME
Oral rondom die heuwels was wilde blomme in die lang gras. Jesus het afgekyk na die gras en die blomme. Miskien het Hy afgebuk en 'n blom gepluk. "Dink aan die blomme," het Hy gesê. "Hulle kan nie vir hulleself klere maak nie, nè? Nee! Maar kyk rond. Selfs die rykste koning het nie klere gehad wat so mooi soos hierdie blomme is nie."
Jesus se vriende het aandagtig geluister. "As God vir hierdie blommetjies sulke mooi klere gee, dink julle nie.
Hy sal sekerlik vir julle ook klere gee nie? Ja! Julle is selfs meer belangrik vir God as die blomme."
Toe het Jesus vir die mense gesê, "Moenie bekommerd wees oor dinge soos kos en klere nie. Moenie aanhou vra, 'Wat gaan ons eet? 'Wat gaan ons aantrek?' God weet dat jy hierdie dinge nodig het. Probeer altyd om God lief te hê en te gehoorsaam! Dan sal Hy vir julle sorg. Hy is lief vir julle!

GEVOLGTREKKING
Jesus het vir ons gesê dat God vir die voëls en die blomme sorg. Hy gee aan voëls en blomme die dinge wat hulle nodig het om te groei. Maar Jesus het ook gesê dat God vir elke mens lief is en sorg selfs meer as wat Hy vir die voëls en die blomme sorg! Ons Bybel sê, "Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade." Ons kan liedjies sing oor God se liefde en Hom dank vir Sy sorg.

Bybel Deeltyd

Onderwysers lei klein groepies kinders. **15 minute.**

Aktiwiteitsbladsy Pasmaats

KRY BYMEKAAR
Bybel,kopie van *Aktiwiteitsbladsy 5* vir elke kind, vet- of kleurkryt.

DOEN
Voordat jy die *Aktiwiteitsbladsye uitdeel*, gebruik jou *Aktiwiteitsbladsy* om te demonstreer hoe om die bladsy te voltooi. Herhaal kortliks die storiegebeure. Wys na die Bybelvers. **Die Bybel sê, "Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade." God is lief en sorg vir elkeen van ons. Ons kan God dank vir Sy liefde as ons bid en sing.** Deel nou *die Aktiwiteitsbladsye* uit vir kinders om te voltooi Help indien nodig.

PRAAT OOR
- **Wat sien jy in hierdie prent wat jou herinner aan 'n manier wat God vir jou sorg?**
- **Hoe sorg God vir voëls en blomme?**
- **Hoe wys God Sy liefde en sorg vir jou?**
- **Ek is bly God het voëls en blomme gemaak. En ek is bly dat Hy vir hulle sorg. God is lief vir hulle, maar Hy is nog liewer vir ons!**
- **God wys Sy liefde vir jou,** *Nonhlanhla***, deur vir jou 'n ouer suster te gee om vir jou te help sorg.**
- **As ons bid, kan ons God dank vir Sy liefde, en as ons sing, kan ons God dank vir Sy liefde.**

VERRYKINGSIDEE
Elke kind teken 'n prent van hulle huis, 'n geliefkoosde soort kos en die mense wat vir hulle sorg.

LEERWENK
Wees sensitief teenoor daardie kinders wat nie by 'n pa of ma woon nie. As jy praat oor mense wat vir ons sorg, sluit oupas en oumas, susters, tannies, ens. in.

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.